# STEUNPAKKET VIR OPKOMENDE BOERE



WATER RESEARCH COMMISSION

SP 139/20

# STEUNPAKKET VIR OPKOMENDE BOERE

BREEDE-GOURITZ
CATCHMENT MANAGEMENT AGENCY

**BYDRAERS**

Departement van Water en Sanitasie

Breede-Gouritz-opvanggebiedbestuursagentskap (-OBA)

Departement van Water en Sanitasie: Berg-Olifants-proto-

OBA Wes-Kaapse Departement van Landbou

Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming

Vereniging van Swart Boere van Suid-Afrika

**SP no. 139/20**

**ISBN 978-0-6392-0214-3**

**November 2020**

Die boeresteunpakket maak deel uit van die navorsingsprojek getiteld "Approaches for Emerging Farmer Participation in Water Resource Management: The case of the Breede-Gouritz Catchment Management Agency (BGCMA), Western Cape" deur die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie. Die projek is gefinansier deur die Waternavorsingskommissie (projek nr. K5/2310), Privaatsak X03, Gezina, 0031, Suid-Afrika.

Inhoudsopgawe


1. DIE NASIONALE WATERWET 36 VAN 1998: FINANSIËLE BYSTAND VIR HULPBRONARM BOERE ..... 5
1.1 Inleiding ..... 5
1.2 Omskrywing van 'n hulpbronarm boer ..... 5
1.3 Wetsraamwerk en beleid ..... 5
1.3.1 Beleidsoorsig ..... 6
1.3.2 Die raamwerk ..... 7
1.4 Wie kom vir finansiële bystand in aanmerking? ..... 7
1.5 Wat word deur die DWS se finansiële bystand gefinansier? ..... 7
1.6 Kan 'n mens steeds om DWS-finansiering aansoek doen as 'n ander staatsdepartement reeds finansiële bystand verleen het? ..... 8
1.7 Met hoeveel geld kan die DWS 'n mens bystaan, en hoe word dit bepaal? ..... 9
1.8 Beteken 'n bevestiging van u finansieringsversoek outomaties dat u finansiering sal ontvang? ..... 9
1.9 Wat is die CCAW, en hoe beïnvloed dit u aansoek? ..... 9
1.10 Hoe om aansoek te doen ..... 9
1.11 Bykomende samevatting van inligting oor wetsvereistes vir begunstigdes en diegene wat beplan om begunstigdes by te staan ..... 10
1.11.1 Watergebruik ingevolge artikel 21 van die wet ..... 10
1.11.2 Toelaatbare watergebruik ingevolge artikel 22 van die wet 11
1.11.5 Onregmatige watergebruik ..... 14
2. STAWING EN VERIFIKASIE VAN WATERGEBRUIK IN DIE BREEDE-GOURITZ-WATERBESTUURSGEBIED ..... 15
2.1 Grondwater ..... 17
3. WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU: ONDERSTEUNING- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR LANDBOUERS (OOL) ..... 19
3.1 Meer oor die program ..... 19
3.2 Die doel van die OOL ..... 20
3.2.1 Die Direktoraat vir Boerevestiging en -ontwikkeling ..... 20
3.2.2 Die Direktoraat vir Voorligting- en Adviesdienste ..... 21
3.2.3 Die Direktoraat vir Voedselsekerheid ..... 22
3.2.4 Die Direktoraat vir Casidra ..... 23
3.2.5 Kontakbesonderhede vir streekskantore ..... 25
4. DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING ..... 26
5. PLAASLIKE REGERING (PLAASLIKE MUNISIPALITEITE) ..... 31
5.1 Mandaat ..... 31
5.2 Wetgewing en algemene inligting ..... 31
5.3 Programme ..... 31

6. VERENIGING VAN SWART BOERE VAN SUID-AFRIKA (AFASA)......33
6.1 Geskiedenis......33
6.2 Doelwitte......33
6.3 Waardes......34
6.4 Kontakbesonderhede......34

## 1. DIE NASIONALE WATERWET 36 VAN 1998: FINANSIËLE BYSTAND VIR HULPBRONARM BOERE

### 1.1 Inleiding

Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) en die Breede-Gouritz-opvanggebiedbestuursagentskap (BGOBA) besef dat die meeste hulpbronarm boere, arm landelike sowel as arm stedelike huishoudings nie genoeg kapitaal het om besproeiingsontwikkeling en ander huishoudelike voedselsekerheidsinisiatiewe te finansier nie. Boonop beskou die finansiële mark hulle as hoërisikokliënte vir kapitaalinfrastruktuurfinansiering.

Die grondbeginsels van die Nasionale Waterwet 36 van 1998 (hierna “die Wet” of “die NWW”) is billikheid en volhoubaarheid in die beskerming, gebruik, ontwikkeling, besparing, bestuur en beheer van waterhulpbronne. Daarom is dit noodsaaklik om deur billike watergebruik maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, en om verskeie vorme van bystand te verleen om die verskillende waterbestuursinstellings (WBI’s) selfstandig en volhoubaar te maak.

Die BGOBA is ingevolge die NWW tot stand gebring. Volgens die NWW is die doel met die vestiging van hierdie tipe agentskappe ***“om binne die raamwerk van die nasionale waterhulpbronstrategie, wat kragtens hoofstuk 2 van die Wet saamgestel is, die bevoegdheid van waterhulpbronbestuur aan die streeks- of opvanggebiedvlak te delegeer en plaaslike gemeenskappe daarby te betrek. Hoewel die einddoel is om opvanggebiedbestuursagentskappe vir alle waterbestuursgebiede op die been te bring, tree die Minister (via die DWS) as die opvanggebiedbestuursagentskap op waar daar nog nie een bestaan nie”***.

### 1.2 Omskrywing van ’n hulpbronarm boer

Ingevolge die Regulasies vir Finansiële Bystand aan Hulpbronarm Boere, GKR 1036 van 31 Oktober 2007 (Staatskoerant 30427), beteken “hulpbronarm boer” ’n boer wat ingevolge regulasie 3(1) vir finansiële bystand in aanmerking kom.

Onderworpe aan artikel 61(3) en (4) van die Wet, bepaal regulasie 3(1) dat ’n boer, vir die doeleinde van landbouwatergebruikontwikkeling, in aanmerking kom vir finansiële bystand soos wat artikel 61(1) van die Wet beoog indien —

(a) die boer ’n Suid-Afrikaanse burger is;
(b) die boer tot enige histories benadeelde bevolkingsgroep behoort; en
(c) die boer —
- (i) landbougrond of toegang tot landbougrond het;
- (ii) ’n watergebruikmagtiging het, buiten waar finansiële bystand vir die verkryging van ’n waterreg vereis word; en
- (iii) ’n behoefte het aan landbouwatergebruikontwikkeling, maar nie finansiering daarvoor kan bekom nie.

### 1.3 Wetsraamwerk en beleid

Artikel 61 en 62 van die NWW handel oor die verlening van finansiële bystand deur die DWS.

> *“**Finansiële bystand deur Minister***
> ***61.****(1) Onderworpe aan ’n regulasie ingevolge artikel 62, kan die Minister vir die doeleindes van hierdie Wet finansiële bystand aan enige persoon verleen, met inbegrip van bystand vir die indiening van lisensieaansoeke, in die vorm van toelaes,*

*lenings of subsidies, wat onderworpe kan wees aan sodanige voorwaardes as wat die Minister kan bepaal.*
*(2) Die finansiële bystand moet kom uit hulpbronne -*
*(a) wat deur die Parlement bewillig is; of*
*(b) wat hetsy ingevolge hierdie Wet of andersins regmatig vir die betrokke doeleindes gebruik mag word.*
*(3) Voordat enige finansiële bystand verleen word, moet die Minister alle tersaaklike oorwegings in ag neem, met inbegrip van -*
*(a) die behoefte aan billikheid;*
*(b) die behoefte aan deursigtigheid;*
*(c) die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige rasse- en geslagsdiskriminasie;*
*(d) die doel van die finansiële bystand;*
*(e) die finansiële omstandighede van die ontvanger; en*
*(f) die behoefte aan waterhulpbronbeskerming.*
*(4) 'n Persoon wat opsetlik in gebreke bly om enige verpligtinge ingevolge hierdie Wet na te kom, kom nie vir finansiële bystand kragtens hierdie Wet in aanmerking nie.*

***Regulasies oor finansiële bystand***
***62.** Die Minister kan regulasies uitvaardig in verband met -*
*(a) geskiktheid vir finansiële bystand;*
*(b) die manier waarop daar om finansiële bystand aansoek gedoen moet word; en*
*(c) bepalings en voorwaardes van toepassing op enige finansiële bystand wat verleen word."*

### 1.3.1 Beleidsoorsig

**Doelwitte en algemene beginsels**
Die beleidsraamwerk oor finansiële bystand aan hulpbronarm boere beoog om aanvanklike toegang tot besproeiingslandbou te bevorder, volhoubare besproeiingsontwikkeling vir hulpbronarm boere te versterk en voedselsekerheid vir arm huishoudings te verbeter deur verskillende tipes toelaes of subsidies aan hulle beskikbaar te stel.

**Algemene bepalings en voorwaardes**
Die verlening van finansiële bystand vir die doeleindes van landbouwatergebruikontwikkeling ingevolge artikel 61 van die Wet is onderworpe aan die volgende bepalings en voorwaardes:

- Finansiële bystand kan slegs verleen en benut word vir aktiwiteite wat verseker dat water op 'n volhoubare en billike manier beskerm, gebruik, ontwikkel, bespaar, bestuur en beheer word.
- Finansiële bystand moet streng ooreenkomstig die projekvoorstel of sakeplan wat saam met die aansoek om finansiële bystand ingedien is, gebruik word, en moet direk benut word vir die hulpbronarm boer se proporsionele gedeelte van die koste van die landbouwatergebruikontwikkeling waarvoor die bystand verleen is.
- Enige uitbetaling van finansiële bystand is onderworpe aan die beskikbaarheid van geld in die DWS se begroting vir dié doel, en voltooiing van die aktiwiteite volgens die spesifikasies wat in die DWS-goedgekeurde projekvoorstel aangedui word.
- Die Minister kan terugbetaalvoorwaardes oplê om 'n ooreenkoms af te dwing wat in verband met die verlening van finansiële bystand met die DWS aangegaan is, en om enige afwyking van óf nievoldoening aan die voorwaardes waarop die finansiële bystand verleen is te voorkom.
- Die DWS sal sy finansiële bystand onttrek in geval van enige afwyking van die projekvoorstel of sakeplan wat saam met die aansoek om finansiële bystand

ingedien is, of in geval van nievoldoening aan enige bepaling of voorwaarde vir die verlening van die finansiële bystand.

### 1.3.2 Die raamwerk

Hierdie beleidsraamwerk beoog om aanvanklike toegang tot besproeiingslandbou te bevorder en volhoubare besproeiingsontwikkeling vir hulpbronarm boere te versterk deur ingevolge artikel 61 en 62 van die NWW verskillende tipes toelaes of subsidies aan sodanige boere beskikbaar te stel, waaronder:

- staatswaterskemas;
- staatswaterskemas in voormalige tuislande;
- watergebruikerverenigingskemas; of
- skemas van ander goedgekeurde regsentiteite.

Aansoeke om hierdie toelaes of subsidies behoort by die provinsiale koördineringskomitees vir landbouwater (CCAW's) ingedien te word. Indien die CCAW dit aanbeveel, sal die betrokke streekskantoor alle nodige inligting en dokumente aan die hoofkantoor voorsien om die toelaag- of subsidieaansoek vir voorlegging aan die Minister op te stel.

Hierdie rol van die streekskantore sal uiteindelik deur die tersaaklike OBA's oorgeneem word sodra hulle tot stand gebring is. Die Direktoraat: Waterhulpbronfinansiering en Prysbepaling voorsien die streekskantore van 'n lys vereistes vir die hantering van aansoeke. Omvattende riglyne word in 'n duidelike, stapsgewyse vorm vir alle CCAW's neergelê om te verseker dat elke voorgestelde aansoeker die regte advies oor die prosedures en beste praktyk ontvang, sowel as om die proses te standaardiseer.

Begunstigdes kom slegs een keer per spesifieke gebruik vir elk van die vyf pakkette hieronder in aanmerking. Dít beteken dat dieselfde gebruiker nie 'n tweede toelaag of subsidie vir dieselfde gebruik kan ontvang nie, en ook dat 'n ander gebruiker nie 'n toelaag of subsidie vir dieselfde gebruik kan ontvang indien iemand anders reeds vir daardie gebruik gesubsidieer word nie.

## 1.4 Wie kom vir finansiële bystand in aanmerking?

Hulpbronarm boere wat Suid-Afrikaanse burgers is en as lede van 'n histories benadeelde bevolkingsgroep beskou word, en wat ook tot 'n watergebruikersvereniging of enige DWS-goedgekeurde regsentiteit behoort. Om in aanmerking te kom, moet hulle ook oor grond of toegang tot grond beskik, 'n watergebruikmagtiging hê, 'n behoefte hê aan landbouwatergebruikontwikkeling, maar nie daarvoor finansiering kan bekom nie, en 18 jaar of ouer wees.

## 1.5 Wat word deur die DWS se finansiële bystand gefinansier?

***<u>Die volgende vyf pakkette word gefinansier:</u>***

a) **Toelaag vir die kapitaalkoste van massawaternetwerkinfrastruktuur**:
   - Vir die konstruksie en/of opknapping van kanale, hoofpypleidings, hoofpompstasies, keerwalle, gemeenskaplike opgaardamme en opstygplekke

b) **Subsidie vir die bedryf en instandhouding van waterwerke, waterhulpbronbestuur en depresiasiekoste**, wat oor 'n tydperk van ses jaar

gefaseer en jaarliks met 20% afgeskaal word (buiten depresiasiekoste), vir hulpbronarm boere wat toegang verkry tot:

- staatswaterskemas onder die DWS se bestuur;
- staatswaterskemas wat deur 'n watergebruikersvereniging of ander goedgekeurde regsentiteit bedryf en in stand gehou word; en
- ander watergebruikersverenigings of goedgekeurde regsentiteite.

***Tabel 1:*** Fasering en afskaling van subsidie

| Jaar | Water-hulpbron-bestuur | Bedryf en instandhouding | Depresiasie |
|---|---|---|---|
| 0 | 100% | 100% | 100% |
| 1 | 80% | 80% | 100% |
| 2 | 60% | 60% | 100% |
| 3 | 40% | 40% | 100% |
| 4 | 20% | 20% | 100% |
| 5 | 0% | 0% | 100% |
| 6 | 0% | 0% | 0% |

c) **Toelaag vir voorlopige of remediërende sosio-ekonomiese uitvoerbaarheidstudies en ondersoeke vir landbouwatergebruikontwikkeling**

- Konsultasiedienste vir fasilitering, behoeftebepaling, tegniese beplanning en ontwerp, wat sosio-ekonomiese uitvoerbaarheidstudies insluit
- Die beoordeling van langtermynwaterbeskikbaarheid, bestaande infrastruktuur, verskillende beskikbare moontlikhede en ontwikkelingsvooruitsigte vir landbouwatergebruikontwikkeling
- Die materiaal-, toerusting- en konstruksiekoste van nuwe massatoevoerwaterwerke, of die rehabilitasie of opknapping van bestaande infrastruktuur
- Waterbesparing- en waterbestuursmaatreëls vir landbouwatergebruik
- Voldoening aan die wets- en administratiewe vereistes vir die ontwikkeling of rehabilitasie van infrastruktuur vir landbouwatergebruik

d) **Toelaag vir die opleiding van bestuurskomitees van watergebruikersverenigings of ander goedgekeurde regsentiteite**

- Opleiding oor doeltreffende waternetwerkbestuur vir landbouwatergebruik
- Programme, tegnieke en praktyke vir watergebruik en -besparing
- Opleiding oor finansiële bestuur, sakeplanontwikkeling, begrotings en regsaspekte
- Maatreëls om skemavolhoubaarheid te verseker

e) **Toelaag vir die opvang van reënwater**

- Vir huishoudelike voedselproduksie en ander produktiewe gebruike

### 1.6 Kan 'n mens steeds om DWS-finansiering aansoek doen as 'n ander staatsdepartement reeds finansiële bystand verleen het?

Ja, die DWS se finansiële steun vir hulpbronarm boere vul ander finansieringsmeganismes van die staat aan. Diegene wat voorheen DWS-subsidies en -toelaes ontvang het, kan ook aansoek doen, hoewel nuwe aansoekers voorrang sal geniet. DWS-streekskantore behoort na te gaan of die aansoeker al voorheen finansiële bystand van die DWS ontvang het.

### 1.7 Met hoeveel geld kan die DWS 'n mens bystaan, en hoe word dit bepaal?

'n Formule word gebruik om te bepaal vir hoeveel geld boere in aanmerking kom, vir elke produk waarom hulle aansoek doen. Veranderlikes in die formules is:

- die totale getal hektaar wat besproei moet word;
- die getal hektaar van die hulpbronarm aansoeker wat besproei moet word;
- die getal hulpbronarm boere wat aansoek doen; en
- totale koste van die projek.

Die bedrag van die toelaag of subsidie sal bepaal word volgens die verskillende berekeningsformules wat aan elke produk toegeken word.

### 1.8 Beteken 'n bevestiging van u finansieringsversoek outomaties dat u finansiering sal ontvang?

Nee, dit beteken dat u in aanmerking kom, dat u versoek vir finansiering oorweeg sal word, en dat 'n volledige voorstel opgestel en aan die koördineringskomitee vir landbouwater (CCAW) voorgelê sal word om die uitvoerbaarheid van die projek te beoordeel. Die besluit om u projek te finansier, lê uiteindelik by die DWS op grond van die CCAW se aanbevelings én onderworpe aan die beskikbaarheid van geld.

### 1.9 Wat is die CCAW, en hoe beïnvloed dit u aansoek?

"CCAW" is die Engelse afkorting vir die koördineringskomitee vir landbouwater. Dit is 'n tussenregeringsforum wat as 'n provinsiale klaringshuis vir kwessies van landbouwatergebruikontwikkeling dien. Die CCAW bied bystand met tegniese beplanning en doeltreffende skakeling tussen verskillende departemente. Die komitee konsentreer op landbouwatergebruik oor die algemeen, sowel as wyer deelname deur tersaaklike rolspelers en dissiplines.


Die CCAW is tot stand gebring ingevolge die Nasionale Riglyne vir Geïntegreerde Bestuur van Landbouwatergebruik wat die MINMEC vir Landbou op 30 Oktober 2003 goedgekeur het. Nasionale en provinsiale departemente van landbou het opdrag ontvang om deur hierdie forum die leiding te neem om inisiatiewe in die landbouwatergebruiksektor te integreer. Elke provinsie is veronderstel om so 'n forum in sy provinsiale departement van landbou te hê.

Weens sy samestelling, beskik die CCAW oor vaardigheid op alle gebiede van volhoubare besproeiingsontwikkeling en dien dus as 'n advieskomitee vir die DWS. Derhalwe beveel die CCAW projekte aan wat na verdienstelike gevalle vir DWS-finansiering lyk. Nietemin is dit belangrik om te onthou dat die goedkeuring van projekte die DWS se verantwoordelikheid bly.

### 1.10 Hoe om aansoek te doen

Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorm geskied. Die vorm is op die amptelike departementele webtuiste (www.dws.gov.za) beskikbaar. So nie, kan dit aangevra word van die volgende amptenare wat direk met finansiële bystand aan hulpbronarm boere werk en vooraansoekvergaderings by die Bellville-streekskantoor reël:

**KONTAKBESONDERHEDE: BYSTAND AAN HULPBRONARM BOERE**




## 1.11 Bykomende samevatting van inligting oor wetsvereistes vir begunstiges en diegene wat beplan om begunstigdes by te staan

Die NWW berus op die beginsels van die nasionale regering en is dus die oppergesag oor waterhulpbronbestuur, onder meer die billike toekenning en voordelige gebruik van water in die openbare belang. Volgens die Wet is ’n persoon slegs daarop geregtig om water te gebruik indien die NWW daardie gebruik toelaat.

Hoofstuk 4 van die NWW omskryf die algemene bepalings, vereistes en voorwaardes vir watergebruik. Artikel 21 van die Wet lys alle watergebruike, terwyl artikel 22 die toelaatbare watergebruike omskryf.

### 1.11.1 Watergebruik ingevolge artikel 21 van die Wet

Vir die doeleindes van die NWW behels **watergebruik** onder meer:

(a) die neem van water vanuit ’n waterhulpbron;

(b) die opgaar van water;

(c) die belemmering of wegkeer van die vloei van water in ’n waterloop;

(d) deelname aan ’n stroomvloeiverminderingsaktiwiteit wat in artikel 36 beoog word;

(e) deelname aan ’n beheerde aktiwiteit wat in artikel 37(1) as sodanig geïdentifiseer of ingevolge artikel 38(1) as sodanig verklaar word;

(f) die storting van afval, of water wat afval bevat, in ’n waterhulpbron deur ’n pyp, kanaal, rioolpyp, seeuitloop of ander geleiding;

(g) die beskikking oor afval op ’n wyse wat nadelig op ’n waterhulpbron kan inwerk;

(h) die wegdoening van water wat afval bevat van, of wat verhit is in, ’n industriële of kragopwekkingsproses;

(i) die verandering van die bedding, walle, loop of kenmerke van ’n waterloop;

(j) die verwydering, storting of wegdoening van water wat ondergronds gevind is, indien dit nodig is vir die doeltreffende voortsetting van ’n bedrywigheid of vir die veiligheid van mense; en

(k) die gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes.

### 1.11.2 Toelaatbare watergebruik ingevolge artikel 22 van die Wet

Artikel 22 van die NWW omskryf die toelaatbare watergebruike, wat die volgende insluit:

“’n Persoon mag slegs water gebruik -

(a) sonder ’n lisensie -

I. indien daardie watergebruik toelaatbaar is ingevolge **bylae 1** (word hieronder omskryf);

II. indien daardie watergebruik toelaatbaar is as ’n voortsetting van ’n **bestaande regmatige gebruik** (word hieronder omskryf); of

III. indien daardie watergebruik toelaatbaar is kragtens ’n **algemene magtiging** (word hieronder omskryf) wat ingevolge artikel 39 uitgereik is;

(b) indien die watergebruik deur ’n **watergebruiklisensie** (word hieronder omskryf) ingevolge hierdie wet toegelaat word; of

(c) indien die verantwoordelike owerheid ingevolge subartikel (3) ’n lisensievereiste laat vaar het.”

***<u>LET WEL</u>:*** *Die eerste stap in die watergebruiklisensiëringsproses is om die reserwe vir daardie bepaalde waterhulpbron te bepaal. Die reserwe is die hoeveelheid en gehalte water wat vir basiese menslike gebruik en vir die omgewing vereis word.*

### 1.11.3 Omskrywing van bogenoemde magtigings

1. Bylae 1-gebruik: Ingevolge die Wet kan ’n persoon wat die wettige eienaar/okkupeerder van ’n eiendom is water neem vir redelike huishoudelike gebruik, vir tuinbou op klein skaal (nie kommersieel nie) en vir diere (buiten voerkrale), mits hy/sy regmatige toegang tot die hulpbron het en die gebruik nie

oormatig is in verhouding tot die kapasiteit van die waterhulpbron en die behoeftes van ander regmatige watergebruikers nie. Geen lisensieaansoek word vereis nie.

2. Algemene magtigings: Die algemene magtiging maak bloot daarvoor voorsiening dat gebruikers/potensiële watergebruikers sekere beperkte waterverwante werk verrig (d.w.s. om water uit ’n waterhulpbron te onttrek (grondwater of oppervlak-/rivierwater) of in sekere gebiede op te gaar (damme)). Die betrokke gebiede word in die algemene magtiging aangedui. Die magtiging kan van die DWS aangevra of op die departementele webtuiste (www.dws.gov.za) bekom word. Let ook daarop dat sodanige magtiging slegs van toepassing is indien die gebruik nie oormatig is in verhouding tot die kapasiteit van die waterhulpbron en die behoeftes van ander regmatige watergebruikers nie.
3. Bestaande regmatige gebruik: Hiervolgens mag regmatige watergebruik uit die tyd voor die inwerkingtreding van die NWW voortgesit word totdat dit met behulp van verpligte lisensiëring in ’n lisensiegebruik omgeskakel word. Let daarop dat die watergebruik destyds regmatig moes gewees het en reeds twee jaar voor die uitvaardiging van die NWW moes bestaan het.

   Let wel: Die eerste wetsvereiste waaraan bestaande regmatige watergebruikers ingevolge die NWW moes voldoen het, was om hulle (bestaande) watergebruik te registreer. Die versoek vir bestaande regmatige watergebruikers om hulle kommersiële watergebruik te registreer, is in die Staatskoerant van 12 November 1999 ingevolge artikel 16(1)(c) van die NWW gepubliseer. Bestaande regmatige watergebruikers is gevra om hulle werklike watergebruik soos op die dag van registrasie te registreer. ***Watergebruikers behoort in gedagte te hou dat die registrasie van watergebruik nie op sigself ’n reg verleen nie, en dat die watergebruik wat geregistreer is nog geverifieer moet word.***
4. Watergebruiklisensie: Alle watergebruike wat nie onder bylae 1 of die algemene magtiging val nie, moet deur ’n watergebruiklisensie gemagtig word. Die eerste stap in die lisensiëringsproses is die bepaling van die reserwe vir daardie bepaalde waterhulpbron. Die reserwe is die hoeveelheid en gehalte water wat vir basiese menslike gebruik en vir die omgewing vereis word.

   Let wel: Lisensies word kragtens die NWW uitgereik, en vereis die Departement van Water en Sanitasie of die opvanggebiedbestuursagentskap se goedkeuring.

***Ingevolge artikel 31 van die NWW impliseer 'n lisensie nie 'n waarborg van die statistiese waarskynlikheid van watertoevoer, die beskikbaarheid van water of die gehalte van water nie. 'n Lisensie kan voorts opgeskort of teruggetrek word indien die persoon in gebreke bly om aan enige voorwaarde of reg te voldoen, nie die NWW nakom nie, of versuim om 'n heffing te betaal wat ingevolge hoofstuk 5 van die Wet verskuldig is.***

### 1.11.4 Registrasie van watergebruik

Waterregistrasie behels die voorsiening van inligting oor u persoonlik, oor waar die water gebruik word, waarvoor dit gebruik word, hoeveel water gebruik word, en waar die water vandaan kom.

Die watergebruike wat geregistreer moet word, is:

- die neem van water vanuit 'n waterhulpbron;
- die opgaar van water;
- die belemmering of wegkeer van die vloei van water in 'n waterloop;
- deelname aan 'n stroomvloeiverminderingsaktiwiteit (kommersiële bosbou);
- deelname aan 'n beheerde aktiwiteit (besproeiing van afval);
- die storting van afval, of water wat afval bevat, in 'n waterhulpbron;
- die beskikking oor afval op 'n wyse wat nadelig op 'n waterhulpbron kan inwerk;
- die wegdoening van water wat afval bevat van, of wat verhit is in, 'n industriële of kragopwekkingsproses;
- die verandering van die bedding, walle, loop of kenmerke van 'n waterloop;
- die verwydering, storting of wegdoening van water wat ondergronds gevind is; en
- die gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes.

Watergebruikers is in die tydperk 1999 tot 2001 gevra om hulle watergebruik te registreer. Enige registrasie van watergebruik ná 2001 is onderworpe aan 'n laatregistrasiefooi, buiten 'n nuwe gemagtigde watergebruik ingevolge 'n lisensie of 'n algemene magtiging.

Watergebruik word op die watermagtiging-en-registrasiebestuurstelsel, oftewel WARMS, geregistreer. Die destydse Departement van Waterwese en Bosbou (deesdae die DWS) het dié stelsel in werking gestel. Die BGOBA (destyds die Breede-Overberg-opvanggebiedbestuursagentskap, of BOOBA) het sedert die einde van 2012 toegang tot WARMS. Die BGOBA kan dus nou watergebruik registreer en die waterregistrasiesertifikaat aan die gebruiker uitreik.

Dit is belangrik dat geregistreerde gebruikers die DWS of BGOBA nader indien hulle registrasiebesonderhede in enige opsig verander. Die DWS of BGOBA kan dan die

nodige wysigings in die watergebruikregister aanbring sodat dit die jongste inligting weerspieël. Veral in geval van **'n verandering in eiendomsbesit** moet die DWS of BGOBA op vorm DW811 in kennis gestel word.

Dit gebeur soms dat eiendomme met 'n geregistreerde watergebruik verkoop word sonder dat die DWS of BGCMA daarvan in kennis gestel word, wat uiteindelik finansiële gevolge vir die nuwe eiendomseienaar inhou. 'n Potensiële eienaar moet altyd toesien dat die waterregistrasie van 'n eiendom in orde is. Dit is die verantwoordelike ding om te doen.

In hierdie stadium moet alle watergebruike buiten bylae 1-watergebruik geregistreer word.

### 1.11.5 Onregmatige watergebruik

Artikel 151

Artikel 151(1)(j) van die NWW bepaal duidelik dat geen persoon onregmatig en opsetlik of nalatig enige daad of versuim mag pleeg wat 'n waterhulpbron nadelig raak of waarskynlik nadelig sal raak nie. Indien daar bevind en bewys kan word dat 'n regmatige eiendomseienaar/-okkupeerder nie 'n regmatige watergebruiker is nie, kan die DWS sodanige bedrywigheid dadelik stopsit. Let daarop dat die DWS ook die watergebruik van enige regmatige gebruiker kan stopsit indien water nie doeltreffend gebruik word nie of indien daar bevind word dat die watergebruik nadelig op die hulpbron en die reserwe inwerk.

Begunstigdes kan enige navrae oor die wetsvereistes vir watergebruik aan die Wes-Kaapse streekskantoor van die DWS of aan die BGOBA rig by die volgende besonderhede:

| GEBIED | INSTELLING | KONTAK-PERSOON | KONTAK-NOMMER | E-POSADRES |
|---|---|---|---|---|
| Breede-Gouritz-waterbestuurs-gebied | BGOBA | Me Elmarie van Rooyen | 023 346 8000 | erooyen@bgcma.co.za |
| Berg-Olifants-waterbestuurs-gebied | DWS | Mnr Duke Jephtha | 021 941 6264 | jepthad@dws.gov.za |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Berg-Olifants-waterbestuurs-gebied | DWS | Mnr Derril Daniels | 021 941 6189 | danielsd@dws.gov.za |
| Breede-Gouritz-waterbestuurs-gebied | BGOBA | Me Elkerine Rossouw | 023 346 8000 | erossouw@bgcma.co.za |

## 2. STAWING EN VERIFIKASIE VAN WATERGEBRUIK IN DIE BREEDE-GOURITZ-WATERBESTUURSGEBIED

### Antwoorde op sommige van u stawing- en verifikasievrae

1. **Ek het nog nie my watergebruik geregistreer nie. Wat moet ek doen?**
   U kan deur die Breede-Gouritz-opvanggebiedbestuursagentskap (BGOBA) om registrasie aansoek doen en ’n laatregistrasiefooi sowel as die uitstaande watergebruikheffing betaal. Onthou, as u water wil gebruik, maar dit nie werklik in die kwalifiserende tydperk gebruik het nie, moet u om ’n lisensie aansoek doen – nie om registrasie nie.
2. **Ek het nie ’n verifikasiebrief ontvang nie, maar sommige van my bure het. Wat moet ek doen? Waar kan ek uitvind wanneer verifikasie in my gebied sal plaasvind?**
   Die brief is heel waarskynlik na ’n verkeerde adres gestuur. Kontak die BGOBA-kantoor, vra of die brief versend is en gaan u kontakbesonderhede na. Dit kan ook wees omdat die verifikasieproses vir u gebied nog nie begin het nie. U kan die BGOBA-kantoor vra wanneer verifikasie in u omgewing sal plaasvind.
3. **Ek het reeds om ’n lisensie aansoek gedoen. Moet ek steeds geverifieer word?**
   Nee. Verifikasie is slegs nodig vir watergebruik vir kommersiële doeleindes voor Oktober 1998. Enigeen wat daarná begin water gebruik het, moet om ’n lisensie aansoek doen. Indien daardie lisensie reeds ingevolge die NWW uitgereik is, hoef u nie om verifikasie aansoek te doen nie. Registrasies gebeur outomaties wanneer nuwe lisensies uitgereik word.
4. **Moet ek steeds om ’n lisensie aansoek doen as ek oor ’n verifikasiesertifikaat beskik wat aandui watter volume water ek regmatig op my eiendom mag gebruik?**
   U sal om ’n lisensie moet aansoek doen indien dit ingevolge verpligte lisensiëring vereis word. ’n Lisensieaansoek sal ook vereis word indien u die bestaande regmatige gebruik wil verhoog, hoewel hierdie lisensie in sommige gevalle geweier

kan word. Gaan ook na presies watter sertifikaat u het. ’n Registrasiesertifikaat is nie ’n verifikasiesertifikaat nie.

5. **As ek nou minder water gebruik as wat ek in die kwalifiserende tydperk gebruik het omdat ek doeltreffender besproeiingsmetodes ingestel het, sal ek in die verifikasieproses toestemming kry om hierdie kleiner hoeveelheid te gebruik en dan die ander, groter toekenning verloor?**

   Die verifikasieproses sal watergebruikers identifiseer wat water onregmatig gebruik. Indien die verifikasie daarop dui dat u gedurende die kwalifiserende tydperk ’n regmatige volume water gebruik het, is dít u bestaande regmatige vlak van watergebruik. U kan u geregistreerde watergebruik verminder om laer watergebruikheffings te betaal, of u kan u besproeiing uitbrei om die jaarlikse volume vir bestaande regmatige gebruik te benut. In laasgenoemde geval sal u egter moet kan bewys dat u nie die volume vir bestaande regmatige gebruik oorskry nie.

6. **Indien die hoeveelheid water wat ek volgens verifikasie mag gebruik minder is as toe ek geregistreer het, sal ek die geld terugkry wat ek sedert registrasie vir ’n groter volume betaal het?**

   Nee. Dit was die gebruiker se verantwoordelikheid om die korrekte inligting te verstrek.

7. **Ek het my besproeiing uitgebrei nadat ek geregistreer het. Hoe sal dit my verifikasiesertifikaat beïnvloed?**

   Enige bykomende watergebruik benewens wat u in die kwalifiserende tydperk gebruik het, is onregmatig. Dít beteken u kan slegs u besproeiing uitbrei deur water meer doeltreffend te gebruik.

8. **Indien ek oor ’n lisensie ingevolge die NWW beskik, sal my watergebruik weer in die toekoms geverifieer moet word?**

   Nee. Verifikasie geskied slegs vir bestaande regmatige gebruik, en nie vir lisensiehouers nie. Die sertifikaat sal aandui of dit ’n registrasiesertifikaat, ’n verifikasiesertifikaat of ’n lisensie is.

9. **Indien ek ’n boorgat het wat ek slegs vir huishoudelike doeleindes gebruik (in die huis en tuin), moet ek dit registreer, en is dit onderworpe aan verifikasie en stawing?**

   Nee. Huishoudelike watergebruik word ingevolge bylae 1 by die NWW as ’n regmatige watergebruik beskou. Dit hoef nie geregistreer te word nie, en is nie onderworpe aan verifikasie nie.

10. **Sê nou ek stem nie saam met julle stawingsyfers nie? Watter tipe bewys sal die BGOBA aanvaar?**

    U kan enige dokumente voorsien wat toon dat u ’n bepaalde volume water in die kwalifiserende tydperk gebruik het. Dít kan insluit dokumente ter stawing van

elektrisiteitsverbruik om water te pomp, of rekeninge vir oesverkope. U kan ook die Watertribunaal nader.

Kontak: 023 346 8000

Elkerine Rossouw – erossouw@bgcma.co.za
Rudzani Makahane - RMakahane@bgcma.co.za
Fabion Smith – fsmith@bgcma.co.za
Carlo Abrahams – cabrahams@bgcma.co.za

## 2.1 Grondwater

Suid-Afrika is ’n betreklik droë land, en waterhulpbronne is skaars en onder druk weens ’n al hoe groter bevolking. Daarom moet ons die beskikbare waterhulpbronne behoorlik bestuur. Water is ’n skaars kommoditeit wat mense as vanselfsprekend aanvaar. Grondwater is ’n uiters belangrike waterbron wat dikwels geïgnoreer en/of oorontgin word. Baie mense in ons gemeenskappe het nog nooit van grondwater gehoor nie. Dít is nie verrassend nie, want ’n mens kan dit nie sien nie. Grondwater word as een van ons verborge en kosbare hulpbronne beskou.

**Wat is grondwater, en waar kom dit vandaan?**

Wanneer reën op die grond val, hou die water nie op beweeg nie. Van die water vloei op die grondoppervlak langs na strome of mere; ’n gedeelte word bo die grond deur plante geabsorbeer; ’n sekere hoeveelheid verdamp en keer terug na die atmosfeer, en ’n ander gedeelte sink weg in die grond. Hierdie water bied vog vir plante om te groei.

Die water wat nié deur die plante gebruik word nie, sak dieper weg in die grond. Dit beweeg af deur holtes of krake in die grond, sand of rotse totdat dit ’n rotslaag bereik waardeur water nie maklik kan sypel nie. Die water vul dan die holtes en krake bo daardie laag. Die water bo die grond, sand of rotse is die **grondwaterstand**, en die water binne-in die holtes en krake is **grondwater**.

Water wat wegsink in die grond vanaf die oppervlak vul die grondwater aan en word **voeding** genoem. Grondwater word gevoed deur reënwater en sneeu wat smelt, of water wat deur die bodem van sommige mere en riviere lek. Grondwater kan ook gevoed word wanneer watertoevoerstelsels (pypleidings en kanale) lek en wanneer gewasse besproei word met meer water as wat die plante kan gebruik.

Grondwater kan op bykans enige plek voorkom. Na gelang van die topografie, kan die grondwaterstand hetsy diep of vlak wees. Swaar reënval of sneeu wat smelt, kan grondwatervoeding verhoog en die grondwaterstand laat styg. ’n Lang uitgerekte droogte kan weer grondwatervoeding verminder en die grondwaterstand laat daal.

**Wat is ’n waterdraer?**

’n Waterdraer is ’n rotsmassa waardeur water maklik kan beweeg. Waterdraers moet sowel deurlaatbaar as poreus wees, en sluit gesteentes soos sandsteen, konglomeraat, gebreekte kalksteen en ongekonsolideerde sand en gruis in. Gebreekte vulkaniese gesteentes soos suilbasalt maak ook goeie waterdraers uit.

Die ruklipsones tussen vulkaanstrome is gewoonlik poreus sowel as deurlaatbaar, en is uitstekende waterdraers. Gesteentes soos graniet en skis is oor die algemeen swak waterdraers, want dit is nie baie poreus nie. As hierdie gesteentes egter opgebreek is,

kan dit goeie waterdraers uitmaak. ’n Put is ’n gat wat in die grond geboor word om ’n waterdraer binne te dring. Hierdie water moet gewoonlik opgepomp word na die oppervlak.

**Grondwatermonitering**

Grondwater moet te alle tye teen besoedeling deur menslike en/of industriële bedrywighede beskerm word. As dit eers besoedel is, is dit byna onmoontlik om ’n boorgat tot sy natuurlike toestand te herstel. Om te keer dat grondwater besoedel en oorontgin word, moet grondwatergebruikers oor moniteringsprogramme beskik om maandeliks te meet hoeveel water uit die boorgate geneem en/of opgegaar word. Die hoofdoel met moniteringsboorgate is om hidrogeologiese data in te samel. Die hoeveelheid water in die boorgat word gemeet aan die hand van watervlakke, soos *figuur 1* hieronder toon.

Eksplorasieboorgate is vir moniteringsdoeleindes, terwyl produksieboorgate vir watergebruike soos besproeiing is. Grondwatergebruikers moet daarop let dat hulle boorgate by die Departement van Watersake geregistreer moet word.



Figuur 1: Monitering van watervlakke



Figuur 2: Boorgat

Kontak: Geohidroloog – John Sibanyoni

jsibanyoni@bgcma.co.za

Tel: 023 346 8031

## 3. WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU: ONDERSTEUNING- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR LANDBOUERS (OOL)

Inligting in ’n neutedop

Dr Mogale Sebopetsa


| | |
|---|---|
| Tel: | 021 808 5103 |
| E-pos: | MogaleS@elsenburg.com |
| Faks: | 021 808 5251 |


### 3.1 Meer oor die program


Naam:
Dr Mogale Sebopetsa
Telefoon:
021 808 5103
E-pos:
MogaleS@elsenburg.com
Faks:
021 808 5251




Die Ondersteuning- en Ontwikkelingsprogram vir Landbouers (OOL) strook met die algemene ontwikkelingsagenda van die Departement van Landbou. Daarom is die ontwerp en implementering van die program hoofsaaklik op kleinboere in die Wes-Kaap afgestem, hoewel dit nie die kommersiële sektor uitsluit nie. Die doel van die ondersteuning is om grondhervormingsprogramme deur institusionele vermoëbou te versterk. In die lig van die groot behoefte aan die ontwikkeling van ’n billike en diverse landbousektor, sal ’n aansienlike gedeelte van die begroting gebruik word vir vermoëbou onder die histories benadeelde gemeenskappe en individue wat by grondhervormingsprogramme betrokke is.

### 3.2 Die doel van die OOL

Die OOL beoog om:

- ’n volhoubare steunmeganisme vir nuwe en gevestigde boere (onder meer begunstigdes van grondhervorming) te verseker;
- die impak van programintervensies te meet;
- belegging deur die privaat sektor en kommoditeitsgroepe aan te moedig;
- diens en advies van ’n hoë gehalte en standaard aan boere te verseker;
- die Departement van Landbou se dienste en dié van munisipaliteite en ander staatsdepartemente te integreer deur die implementering van voedseltuine vir gemeenskappe en huishoudings; en
- vaardigheidsontwikkeling in die hand te werk vir boere wat daarvoor in aanmerking kom.

Die program bestaan uit vier direktorate, naamlik:

- Boerevestiging en -ontwikkeling;
- Voorligting- en Adviesdienste;
- Voedselsekerheid; en
- Casidra.

Die OOL het agt kantore deur die hele provinsie, naamlik in die streke Kaapse metropool, Kaapse Wynland, Swartland, Noordweskus, Overberg, Klein-Karoo, Tuinroete en Sentraal-Karoo.

#### 3.2.1 Die Direktoraat vir Boerevestiging en -ontwikkeling

Inligting in ’n neutedop

Mnr Douglas Chitepo

| | |
|---|---|
| Tel: | 021 808 5100 |
| E-pos: | Douglasc@elsenburg.com |
| Faks: | 021 808 7629 |



Die **doel** van die direktoraat is om steun vir swart kleinboere en kommersiële boere te fasiliteer, te koördineer en te voorsien. Dít word gedoen deur middel van volhoubare ontwikkeling as deel van landbouhervormingsinisiatiewe in die provinsie.

***Het u geweet?***

Die direktoraat bied die volgende dienste:

- Plaasevalueringsverslae vir grondhervormingsdoeleindes
- Plaasplanne vir die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne
- Steun aan klein- en kommersiële boere

### 3.2.2 Die Direktoraat vir Voorligting- en Adviesdienste

Inligting in 'n neutedop

Me Carol Levendal
Tel: 021 808 5199
E-pos: CarolL@elsenburg.com
Faks: 021 808 7629



Die **doel** van die direktoraat is om boere van voorligting- en adviesdienste te voorsien.

Die direktoraat gebruik digitale slimpen-tegnologie om die gehalte van dienste aan boere te moniteer.

***Het u geweet?***

Die direktoraat se diensaanbod sluit die volgende in:
- Die aanbieding van boeredae
- Die aanbieding van inligtingsdae
- Vaardigheidsoudits
- Die aanstelling van mentors om kleinboere deur middel van die kommoditeitsbenadering by te staan

### 3.2.3 Die Direktoraat vir Voedselsekerheid

Inligting in 'n neutedop

Mnr Adriaan Conradie

Tel: 021 808 7674

E-pos: AdriaanC@elsenburg.com

Faks: 021 808 7756



Die **doel** van die direktoraat is om die implementering van die eerste fase van die Geïntegreerde Voedselsekerheidstrategie van Suid-Afrika te ondersteun, van advies te bedien en te koördineer.

Die direktoraat dra direk by tot die verligting van voedselonsekerheid deur huishoudelike en gemeenskapstuine aan te lê.

***Het u geweet?***

Die direktoraat se bedrywighede sluit die volgende in:

- Ondersteun huishoudelike voedselproduksie in gemeenskappe deur die voedselsekerheidstas (huishoudelike voedselproduksiepakket)
- Ondersteun gemeenskaps- en skooltuine
- Bied bewusmakingsveldtogte oor voedselsekerheid aan

### 3.2.4 Die Direktoraat vir Casidra



Die **doel** van hierdie direktoraat is om die Departement van Landbou met die implementering van projekte en die bestuur van staatsplase te ondersteun.

***Het u geweet?***

Casidra is verantwoordelik vir projekimplementering namens die Wes-Kaapse Departement van Landbou.

### 3.2.5 Kontakbesonderhede vir streekskantore

| Streeks-kantoor | Kontakpersoon | Telefoonnr | Adres | E-pos |
|---|---|---|---|---|
| Kaapse metropool | Phumlani Mentani | 021 483 7778 | Goulburnsentrum, h.v. Goulburn- & Voortrekkerweg, Goodwood 7460 | PhumlaniM@elsenburg.com |
| Kaapse Wynland | Dikeledi Kunene | 021 808 7050 | ABSA-gebou, 4de verdieping, Pleinstraat, Stellenbosch 7600 | DikelediK@elsenburg.com |
| Swartland | Rose Horne | 022 433 2330 | Landstraat 42, Moorreesburg 7310 | RoseH@elsenburg.com |
| Noord-weskus | Marius du Randt | 027 213 2000 | H.v. Matzikama- & Noordwegstraat, Vredendal 8160 | MariusD@elsenburg.com |
| Overberg | Hennis Germishuys | 028 425 4807 | Albert Myburgh-koshuis, Golfstraat, Bredasdorp 7280 | HennisG@elsenburg.com |
| Klein-Karoo | Willem Burger | 044 272 6077 | Oudtshoorn-navorsingsplaas, Ou Kammanassieweg, Oudtshoorn 6620 | WillemB@elsenburg.com |
| Tuinroete | Clyde Lamberts | 044 803 3709 | Yorkgebou, 2de verdieping, Yorkstraat, George 6530 | ClydeL@elsenburg.com |
| Sentraal-Karoo | Frederick Mpona | 023 414 2126 | Peter Jacobslaan 104, Beaufort-Wes 6970 | FrederickM@elsenburg.com |

**Webtuiste:** http://www.elsenburg.com

## 4. DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

### PROGRAMME VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

| Direktoraat | Program | | Minimum vereistes | Kontak-besonderhede |
|---|---|---|---|---|
| Grond-verkryging en -herverdeling | Proaktiewe grondverkryging<br>*Deur hierdie program koop die departement grond en verhuur dit aan persone wat in 'n keuringsproses as begunstigdes geïdentifiseer word. Om as 'n potensiële huurder in aanmerking te kom, moet aansoekers op die departement se databasis geregistreer wees. Sien die ingeslote aansoekvorm wat voltooi en ingedien moet word (saam met aanhangsels) om op die databasis te registreer.* | Verkryging en toekenning van strategies geleë grond | • Voorheen benadeelde boer<br>• Nie in diens van die staat nie<br>• Moet binne die volgende groep val:<br>(a) Universiteits- of kollege-kwalifikasie in die landbouwetenskappe (b) Spesiale kursusse in landbousake, waaronder NARYSEC-deelnemers (c) Bestuurs- en entrepreneursinkubasie, leerling-/internskap (d) Paraprofessionele werkers op landbougebied<br>(e) Bestaansboere: (i) Gemeenskaps-/dorpbestaansboere (ii) Boere op meentgrond, hoofsaaklik veeboere (iii) Nie-kommersiële werftuinprodusente<br>• Binne bostaande teikengroep sal verdere voorrang gegee word aan vroue en jeug wat hetsy oor basiese boerderyvaardighede beskik, of bereid is om sodanige vaardighede te verwerf.<br>• Jeug met ervaring of kwalifikasies op landbougebied sal spesiale aandag ontvang.<br>C:\Users\user\Documents\APPLICATION FORMS\PLAS APPLICATION FORM 28 JULY 2016 2nd Draft updated21.pdf<br><br>Aansoekers moet die ingeslote aansoekvorm voltooi.<br>Dien dit in by die Worcester/Stellenbosch-kantoor by Markstraat 15. Die kantoor sal bevestig sodra aansoekers op die databasis geregistreer is. | Projekbeampte: Lorato Manyetse<br>Distriksbestuurder: Vanessa Frantz<br>Tel: 021 887 7448 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Wanneer die departement grond bekom, sal aansoekers in kennis gestel en vir ’n onderhoud genooi word as potensiële huurders van die betrokke grond.<br><br>Let daarop dat potensiële huurders in die program vir proaktiewe grondverkryging geïdentifiseer en gekeur word op grond van die tipe kommoditeite waarmee hulle boer, wat dan vergelyk word met die tipe plase wat die departement beskikbaar het. Indien die departement byvoorbeeld ’n veeplaas bekom en sodanige grond met u vaardighede ooreenstem (m.a.w. u is ’n veeboer), sal die databasis u as sodanig identifiseer, en sal u daarom as ’n potensiële huurder vir ’n onderhoud genooi word. | |
| | 1HH 1HA-program<br>*Hierdie program (“Een huishouding, een hektaar”) konsentreer hoofsaaklik op armoedeverligting en die ondersteuning van kleinboere op ’n huishoudelike vlak. Dit is van toepassing op staatsgrond en grondhervormingsplase.* | | • Voorheen benadeelde boer<br>• Nie in diens van die staat nie<br>KRITERIA<br>Die teikengroep vir die 1HH 1HA-program is voorheen benadeelde persone wat Suid-Afrikaanse burgers is en tot die Afrikaan-, Indiër- of bruin bevolkingsgroep behoort.<br>(a) Plaasbewoners en -okkupeerders ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997<br>(b) Gemeenskaps-/dorpbestaansboere/huishoudings<br>(c) Huurarbeiderhuishoudings ingevolge die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996<br>(d) Persone met grondhersteleise<br>(e) Enige individuele huishoudings wat op staatsgrond of in gemeenskaplike gebiede woon<br>(f) Begunstigdes van grondhervorming wat baat gevind het by die grondherverdelingsprogram, en toegang het tot grond wat ingevolge | Ofhani Netshitakani<br>Tel: 023 342 0202 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Wet 126 bekom is en deur gemeenskaplike eiendomsinstellings of individue besit word.<br>(g) Kragtens beleid kom staatsamptenare en hulle huweliksmaats nie vir enige voordeel ingevolge hierdie program in aanmerking nie.<br><br>Sien die ingeslote 1HH 1HA-aansoekvorm wat voltooi en ingedien moet word (saam met aanhangsels) om op die departement se databasis geregistreer te word.<br><br>C:\Users\user\Documents\APPLICATION FORMS\One HH One H Beneficiary Information Form.pdf | |
| Landelike Ondernemings en Industriële Ontwikkeling | Armoedeverligting | | Om huishoudelike armoede ooreenkomstig die omvattende landelike-ontwikkelingsprogram (die CRDP) te verlig<br>• Navorsing en ontleding van huishoudelike armoede<br>• Profielsamestelling van huishoudings op CRDP-terreine en in grondhervormingsprojekte<br>• Monitering van CRDP-huishoudings se vordering uit armoede<br>• Bestuur van 'n databasis van huishoudelike armoede sowel as inligting oor die CRDP | Projekkoördineerder:<br>Mnr LT George<br>Tel: 021 409 0300<br><br>Projekbeampte:<br>Me Inge Cook<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Me Siphesihle Nene<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Mnr M Petane<br>Tel: 021 409 0300 |
| | Kleinsakeontwikkeling en ontwikkelingsfinansiering | | Om landelike sakeontwikkeling te bevorder en landelike ontwikkelingsfinansiering te fasiliteer<br>• Bestuur kleinsakeontwikkelingsfinansiering | Projekkoördineerder:<br>Mnr LT George<br>Tel: 021 409 0300 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | • Bestuur kleinsakeonderrig en -vaardigheidsopleiding | Projekbeampte:<br>Me Inge Cook<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Me Siphesihle Nene<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Mnr M Petane<br>Tel: 021 409 0300 |
| | Primêre koöperasies | | Om die vestiging van en ondersteuning vir primêre koöperasies te fasiliteer<br>• Ontvang verwysings<br>• Identifiseer stigters, en registreer<br>• Vestig interne/koöperasiebestuur, voldoening en grondwet<br>• Fasiliteer toegang tot opleiding<br>• Ondersteun produksie<br>• Voorsien voortgesette steun aan primêre koöperasie | Projekkoördineerder:<br>Mnr LT George<br>Tel: 021 409 0300<br><br>Projekbeampte:<br>Me Inge Cook<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Me Siphesihle Nene<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Mnr M Petane<br>Tel: 021 409 0300 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Landelike industriële ontwikkeling | | Om die ontwikkeling van landelike ondernemings en industrieë te fasiliteer<br>• Landbouverwerking (agriparke)<br>• Dorpsmarkte<br>• Vervaardiging<br>• Verhoudings met kommoditeitsgroepe<br>• Fasiliteer skakeling met streeks- en nasionale agentskappe vir ekonomiese groei | Projekkoördineerder:<br>Mnr LT George<br>Tel: 021 409 0300<br><br>Projekbeampte:<br>Me Inge Cook<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Me Siphesihle Nene<br>Tel: 021 887 7448<br><br>Projekbeampte:<br>Mnr M Petane<br>Tel: 021 409 0300 |

## 5. PLAASLIKE REGERING (PLAASLIKE MUNISIPALITEITE)

### 5.1 Mandaat

Die mandaat van ’n munisipaliteit is om in samewerking met ander staatsdepartemente, soos die Departement van Landbou en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, ’n instaatstellende omgewing vir opkomende boere te skep. As fasiliteerders van inisiatiewe vir kleinboere, konsentreer munisipaliteite daarop om administratiewe rompslomp te verminder, tersaaklike regulasies en bestuurstelsels in te stel en toe te pas, en georganiseerde groepe met hulpbronne te verbind.

’n Dubbele benadering word gevolg wat enersyds op huishoudelike voedselsekerheid (armoedeverligting en beter voeding) en andersyds op inkomsteskepping (ekonomiese ontwikkeling) konsentreer.

Op ’n sekondêre vlak dien die munisipaliteit ook as ’n katalisator wat onder meer meentgrond/uitspannings voorsien en steun vir die oprigting van infrastruktuur bekom.

### 5.2 Wetgewing en algemene inligting

Hoewel die Grondwet nie van munisipaliteite verwag om self grondhervorming te onderneem nie, is munisipaliteite wél verplig om aan nasionale grondhervormingsprogramme deel te neem om munisipale ontwikkelingsdoelwitte te bereik.

Navorsing dui daarop dat die meeste munisipaliteite verkies om die kwessie van munisipale **meentgrond** volgens hulle bestaande voorsieningskettingbestuursbeleide oor batebestuur en -verkope te hanteer. Die vernaamste wetgewing van toepassing op hierdie proses is:
- die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 56 van 2003 – artikel 14; en
- die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur – Bateregulasies.

Die voorwaardes in die titelakte van die betrokke grond moet ook in ag geneem word. Omdat meentgrond dikwels in die vorm van ’n gemeenskapstrust deur kerke aan die munisipaliteit geskenk is, is dit soms onderworpe aan spesifieke voorwaardes.

### 5.3 Programme

**Aanneming van openbare oop ruimtes**
’n **Openbare oop ruimte** is grond wat deur ’n plaaslike owerheid besit word (of sal word), wat nie op lang termyn verhuur word (of sal word) nie, en wat as ’n oop ruimte of ’n park, tuin, piekniekplek, speelterrein of vierkant gebruik word (of sal word), met inbegrip van ’n openbare plek.

Die inisiatief vir die aanneming van openbare oop ruimtes stel lede van die publiek, industrieë of maatskappye in staat om ’n openbare oop ruimte as hulle eie aan te neem sonder dat dit hulle enigiets kos. Die “aannemer” is daarvoor verantwoordelik om uitheemse plantegroei te verwyder, rommel op te tel, en die ruimte in stand te hou of uit te lê met inheemse plantegroei

of vir volhoubare bestaansprojekte soos gemeenskaps- of huishoudelike voedseltuine. Die aannemer kan sy betrokkenheid by hierdie inisiatief op die terrein adverteer, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die hoofredes vir hierdie inisiatief is om die publiek aan te moedig om na die omgewing om te sien deur:

1. uitheemse plantegroei uit te roei, wat in sommige gemeenskappe ’n gevaar inhou (bied skuiling vir verkragters en moordenaars); en
2. onwettige vullisstorting te bekamp, wat finansiële implikasies vir die munisipaliteit en ’n gesondheidsgevaar vir die gemeenskap inhou.

Let daarop dat munisipaliteite ook opkomende boere verwys na ander departemente met programme wat hulle sal kan bystaan.

**Finansieringsmodel, en hoe boere toegang tot finansiering kan bekom**
Munisipaliteite bied nie self enige finansiering nie, maar tree slegs as fasiliteerders op deur opkomende boere na instansies soos die Departement van Landbou en die Direktoraat vir Casidra te verwys.

Kontakbesonderhede (indien daar ’n algemene kontaknommer vir die Wes-Kaap is)
Geen algemene kontaknommer vir die Wes-Kaap nie. Elke munisipaliteit hanteer kwessies op sy eie manier.

***Let wel: Bogenoemde inligting is algemeen en nie noodwendig op alle munisipaliteite van toepassing nie. Elke munisipaliteit hanteer opkomende boere op ’n unieke manier om doeltreffende dienslewering te verseker. Vir meer inligting oor munisipale bystand met u bepaalde behoefte, kontak gerus u plaaslike munisipaliteit.***

## 6. VERENIGING VAN SWART BOERE VAN SUID-AFRIKA (AFASA)

### 6.1 Geskiedenis

Die Vereniging van Swart Boere van Suid-Afrika (AFASA) is op 12 April 2011 gestig deur 3 000 stigterslede van ál nege provinsies van Suid-Afrika wat voorheen tot die Nasionale Unie van Swart Boere van Suid-Afrika (NAFU SA) behoort het.

Die stigting van AFASA span die kroon op 'n jaar lange oorlegpleginsproses met ontwikkelende boere landwyd om hulle behoefte te bepaal aan 'n amptelike struktuur wat hulle belange verteenwoordig. As deel van die proses is 'n nasionale konferensie vir swart boere in Desember 2010 in Bloemfontein gehou waar 'n grondwet, struktuur en 'n strategiese plan vir vyf jaar aanvaar is. Daarna is distriks- en provinsiale strukture tussen 18 Januarie en 5 April 2011 tot stand gebring.

Die leiers is demokraties in die provinsies verkies aan die hand van die grondwetlike riglyne wat die konferensie aanvaar het. Die laaste stap was die AFASA-stigtingskonferensie, wat van 10 tot 12 April in Boksburg plaasgevind het. Hier het die boere amptelik die naam en stigtingsgrondwet van die vereniging aanvaar en nasionale leiers verkies en aangewys.

AFASA streef daarna om die ontwikkelende landbousektor te kommersialiseer en swart individue se sinvolle deelname aan die hoofstroom- kommersiële landbousakesektor te fasiliteer. Sodoende wil die vereniging die langtermynvolhoubaarheid van die landbousektor in Suid-Afrika verseker.

**Visie**
Om vaardige en suksesvolle swart kommersiële boere in Suid-Afrika te hê

**Missie**
Om die ontwikkeling van swart boere te fasiliteer ten einde hulle sinvolle deelname aan die landbousektor te verhoog

### 6.2 Doelwitte

- Om 'n volhoubare, verenigde liggaam vir swart boere te skep met die vermoë om beleide te beïnvloed deur vir swart boere steun te werf en voorspraak te doen

- Om vaardigheidsontwikkeling vir swart boere te fasiliteer sodat hulle sinvol aan formele en informele markte kan deelneem
- Om hulpbronne tot voordeel van Afrikaboere te mobiliseer

## 6.3 Waardes

Soos enige ander organisasie, is AFASA ’n versameling individue wat saamwerk aan ’n gemeenskaplike doel. Daarom is dit noodsaaklik dat AFASA sy waardes uitleef om die steun van eendersdenkendes te werf. AFASA is verbind tot die volgende waardes:

- Om leiers van integriteit te hê ten einde vertroue en lojaliteit by sy lede, werknemers en die publiek te skep
- Om te alle tye deursigtig en verantwoordbaar te wees
- Om te alle tye hoë vlakke van professionaliteit te handhaaf
- Om die regte, kultuur en menswaardigheid van sy lede, werknemers en die publiek te respekteer, ongeag geslag, ras, klas, stam, politieke en godsdienstige bande of oortuigings
- Om ’n boeregerigte organisasie te wees
- Om te sorg dat die organisasie getrou bly aan sy missie en doelwitte
- Om op alle vlakke na uitnemendheid te streef, wat doeltreffende en doelmatige dienslewering insluit

## 6.4 Kontakbesonderhede

Kontakpersoon: Mnr Ismail Motala
E-pos: afasawcape@gmail.com

BREEDE-GOURITZ
CATCHMENT MANAGEMENT AGENCY

Cape Peninsula University of Technology
creating futures

WATER RESEARCH COMMISSION

water & sanitation
Department: Water and Sanitation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

rural development & land reform
Department: Rural Development and Land Reform
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Western Cape Government
Agriculture
BETTER TOGETHER.

AFASA